Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 68: 13 November 2015

TYD ON VOORRAAD OP TE NEEM

Ons grootste uitdaging is sekerlik om ons lewe so te leef dat elke dag tot sy volheid benut word en dat elkeen van ons wel waarde toegevoeg het, nie net tot ons eie lewe nie, maar ook tot dié van die mense met wie ons in aanraking gekom het. Om saans ons koppe te kan neerlê en tevrede aan die slaap te raak, in die wete dat ons dit nie beter kon gedoen het nie.

Dit bly die uitdaging, ja. Intussen moet ons vrede maak met ons eie feilbaarheid en ons onvermoë om altyd aan ons eie verwagtinge, en ook diê van andere, te voldoen. Dikwels dryf juis hierdie oënskynlike onvermoë ons tot ernstige twyfel in onsself en kan dit ons stresvlakke tot kort duskant kookpunt opstoot.

Waar ons nou aan die einde van nog 'n jaar staan, is dit dalk tyd om bietjie voorraad op te neem en opnuut na ons eie verwagtinge te kyk. Hierdie oefening is egter soveel makliker wanneer ons kan staatmaak op 'n Krag groter as onsself om op terug te val. Soos John Ortberg dit stel in sy boek, *The me I want to be:* "daar is 'n God, en dis nie ek nie".

Daar kan geen sin wees in die lewe as ons nie kan droom en verwagtinge koester nie, en as ons nie doelwitte kan stel en dit kan najaag nie. Tog is dit nie 'n betroubare maatstaf van die gehalte van ons lewe nie. Die enigste werklike maatstaf is in watter mate elkeen van ons in hierdie jaar die beste ek was wat ek kon wees. Met ander woorde: in watter mate het ek daarin geslaag om tot my eie beste potensiaal te leef, het ek daarin geslaag om werklik my doel in hierdie lewe te ontdek en te ontgin, en in watter mate ek bygedra het daartoe dat ander mense deur my toedoen tot hul eie beste potensiaal kon ontwikkel.

En dis hiermee waar ons die meeste sukkel. Om eerlik "stock te vat" en aan onsself en ons Hemelse Vader te erken waar ons gefaal het. Om ons eie belange op die agtergrond te skuif en werklik selfondersoek te doen. Elkeen van ons beskik oor soveel onbenutte potensiaal om 'n enorme verskil in hierdie wêreld te maak, maar ons eie onsekerhede en vrese hou ons terug.

Mag almal binne die Framesby-gemeenskap in hierdie tyd opnuut besin oor ons plekkie in hierdie wêreld, en mag ons 2016 binnestorm met 'n bruisende entoesiasme om regtig 'n verskil te maak en die BESTE ONS te wees wat ons kan wees!

Welkom

Luzay Gerber

Nuutste toevoeging tot die Framesby-familie!

BEGROTINGS-VERGADERING

19 November

SKOOLSAAL

19:00

Die begroting vir 2016 lê steeds ter insae by die skool en kan per afspraak besigtig word.

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Renico Harris 8C
Chiné Kleyngeld 10B

Sondag
Nicole Hamilton 8D
Tiaan Koekemoer 9F
Nelrie Kruger 8C
Monique van As 10F

Maandag
Jacques Haggard 11G

Dinsdag
Grant Philander 11F

Woensdag
Anchen Bosch 112A
Tiana Lee Cloete 10A
Ronaldo May 10B
Bianca Pretorius 10F
Andries Smit 12H
Shani Smit 12D

Donderdag
Geen

Vrydag
Ruan Stapelber 11F
Freddie Steffens 8C

DINGE IS HIER AAN DIE GEBEUR

TOEGANGSBEHEER WORD OPGEKNAP

Toegangsbeheer by skole is dikwels ‘n probleem omdat daar voortdurend ‘n vloei van mense is wat die skoolterrein binnekom of verlaat. Aangesien daar ook verskeie toegangspunte is, is dit soms moeilik om al die punte te monitor en te verseker dat alle hekke deurgaans gesluit is. Ten einde die veiligheid van ons leerders te verseker, is dit dus noodsaaklik om alle moontlike maatreëls in plek te kry om enige gebeurlikheid die hoof te kan bied.

Benewens moontlike sekuriteitsrisiko’s gedurende die dag, is die veiligheid van ons leerders, veral vroeg in die oggend, in die namiddag en saans, ‘n prioriteit. Heelwat leerders word reeds baie vroeg soggens by die skool afgelaai en moet dikwels buite die hekke wag totdat ‘n personeellid dit oopmaak. In die namiddag is talle leerders besig met buitemuurse bedrywighede waarna sommige dikwels tot redelik laat moet wag om opgelaai te word. Aangesien die hekke dikwels reeds toe is, of onsekerheid bestaan wanneer dit gesluit gaan word, wag die meeste van hierdie leerders op die sypaadjies vir hul geleenthede. Die probleem is redelik ernstig wanneer aand-aktiwiteite beoefen word, of sportspanne baie laat en in die donker terugkeer. Ondanks selfoonkommunikasie moet baie leerders dikwels redelik lank wag om gehaal te word, en sou die betrokke onderwyser of afrigter nie langer kon bly nie, moet hierdie leerders buite die skoolgronde in die donker wag.

In die lig van hiervan ondersoek die beheerliggaam reeds ‘n geruime tyd verskeie opsies om beter toegangsbeheer daar te stel. Daar is uiteindelik besluit op die installering van draaihekke (“turnstiles”) wat by drie ingange aangebring gaan word. Leerders sal toegang tot die skool verkry, of die skoolterrein kan verlaat, deur sy of haar duimafdruk wat by die hek deur ‘n “leser” geskandeer sal word. Geen persoon wat nie op die stelsel geregistreer is, sal toegang deur hierdie hekke kan verkry nie. Omdat die stelsel aan ‘n rekenaarnetwerk gekoppel is, sal afwesigheidskontrole soggens deur hierdie stelsel gedoen word.

Die stelsel sal soos volg werk: Alle groot toegangshekke sal gesluit wees en leerders sal soggens slegs deur die draaihekke toegang tot die skool kan verkry. Slegs een persoon sal per vingerafdruk toegan verkry, en slegs een keer. Die hekke sal ook net toegang verleen en geen uitgang nie. Leerders met fietse, motorfietse en “scooters”, sal deur die groot hek op die parkeerterrein toegang kan verkry, maar slegs as hulle met bewys van ‘n wettige lisensie op die stelsel geregistreer is. Die groot hek sal toegerus word met ‘n “leser” wat slegs aan daardie leerders toegang sal verleen. Om 07:40, wanneer die klok lui, sal die hekke sluit, en kan toegang slegs by die hoofingang deur die kantoorpersoneel verleen word. Gedurende die dag sal die hekke gesluit bly. Om 14:15, wanneer die skool uitkom, sal die groot hekke oopgemaak word. Leerders hoef dus nie dan deur die draaihekke te beweeg nie. Om 15:00 sal die groot hekke gesluit word en die draaihekke vir tweerigtingverkeer geaktiveer word. Leerders sal dus dan toegang en uitgang kan verkry met hul vingerafdruk. Geen leerder sal voortaan meer buite hoef te wag nie, maar kan veilig binne die skoolterrein wag om gehaal te word.

Hierdie hekke word binne die volgende weke opgerig. Een hek sal by die hoofingang in Smeetonweg geplaas word, ‘n tweede by die ingang by die netbalbane, en die derde by die ingang tot die parkeerterrein. Ouers moet dus kennis neem dat leerders nie meer die groot hekke by die bus-garages en naby die mediasentrum kan gebruik nie.

Die stelsel sal binne die eerste twee weke van 2016 in werking tree. Ons hudige leerders se vingerafdrukke sal reeds hierdie jaar geskandeer en op die stelsel geplaas word. Sodra die nuwe leerders volgende jaar geskandeer is, kan die stelsel in werking gestel word. Ons vertrou dat hierdie stelsel doeltreffende afwesigheidskontrole sal moontlik maak, dissipline rakende stiptelikheid sal opknap, en die algemene veiligheid van ons leerders sal bevorder. Verder sal dit toegangsbeheer beslis verbeter en ons in staat stel om ongure karakters, asook mense wat ons fasiliteite wederegtelik gebruik, toegang tot ons terrein te ontsê.

Die tipe draaihekke wat hier opgerig gaan word.

ONS LEERDERS PRESTEER

Jarrad kook op die baan

Jarrad Clark, een van ons Graad 9-leerders, neem reeds geruime tyd aan pad-fietsry deel, waar hy uitstekend presteer. Hy het twee weke gelede aan sy eerste Suid-Afrikaanse Baankampioenskappe deelgeneem, en briljant presteer, veral as mens in ag neem dat dit sy eerste deelname was. By die SA National Track Championships op 4 en 5 November het hy 'n algehele 2de plek verower. Die volgende dag het hy die Oos-Kaap verteenwoordig in die Western Cape Interprovincial, en hier het sy span die algehele 3de plek behaal. Daarna het hy op Saterdag 7 November aan die Engen Cycle the City deelgeneem, waar hy weer 2de geëindig het. Op Sondag 8 November het hy deelgeneem aan die Western Cape Grand Prix Track Series, hier het Jarrad 'n 2de plek behaal in al drie items waarin hy gejaag het. Veels geluk met die pragtige prestasie, Jarrad!

Hanli Lintvelt, Shanleigh Havenga, Francois Kruger, Marcel Muller en Marli Opperman.

LANDSDIENSKLUB AAN DIE WOEL

Ons Landsdiensklub, onder die bekwame en entoesiastese leiding van Mnr. Terblans, is seker een van die mees aktiewe verenigings in Framesby. Hulle vergader elke Vrydag, maar niks is hier ooit "boring" nie. Elke week is hulle met iets interessants besig en lyk altyd of hulle dit gate uit geniet!

Wanneer hulle nie self uitstappies onderneem nie, woon hulle gereeld kampe by, waar hulle oor die jare uitstekende ambassadeurs vir Framesby was. Tydens die afgelope vakansie het die vyf leerders op die foto die provinsiale kamp te Hobbiton-on-Hogsback bygewoon en wonderlike ervarings gehad. Ons berig volgende week meer volledig hieroor.

EKSAMENS VOLGENDE WEEK

Die hele skool is tans besig met eksamen en alles verloop vlot. Die reëlings is in die laaste paar Fakkelflitse deurgegee. Die belangrikste reeling bly dat alle leerders om 07:40 by die skool aanmeld. Wanneer die klok lui gaan die leerders die eksamenlokaal binne waar die reëlings vir die res van die dag deurgegee word. Die eksamen eindig elke dag om 11:30. Daar is geen middagsessies vir Graad 10 nie, maar wel vir Graad 11. Die lengte van die middag-skryfsessies word deur die lengte van die vraestel (soos aangedui) bepaal.

	GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10	GRAAD 11	
	07:40 – 11:30	07:40 – 11:30	07:40 – 11:30	08:30 – 11:30	12:30
Maandag 16 November	Wiskunde	EBW	Rekeningkunde	Fisiese Wetensk. Vraestel 2 (3h)	
Dinsdag 17 November	Skeppende Kunste	English Paper 4	Geen eksamen	Toerisme (3h)	CAT Vraestel 2 (3h)
Woensdag 18 November	Afrikaans Vraestel 4	Wiskunde	Fisiese Weteskappe V2	IGO Vraestel 1 (3h)	English Paper 1 (2½ h)
Donderdag 19 November	Lewensoriëntering Afrikaans Vraestel 3	Afrikaans Vraestel 4	Afrikaans Vraestel 2	Geografie Vraestel 1 (3h)	Geografie Vraestel 2 (1½h)
Vrydag 20 November	English Paper 4	Skeppende Kunste Afrikaans Vraestel 3	IT Vraestel 2	Geen Eksamen	IGO Vraestel 2 (3h)

ALGEMEEN EN SIELSKOS

NEEM DIE INISIATIEF

JESUS se uitleg van die Tien Gebooie bring 'n groot verdieping en verbreding van die betekenis daarvan na vore. Hy leer ons om nie net die letterlike en voor die hand liggende betekenis daarvan raak te sien nie, maar om na die volle implikasies daarvan te vra. Een van die aangrypendste voorbeelde daarvan is die wyse waarop Hy volgens Mt. 5:21-26 die sesde gebod - Jy mag nie doodslaan nie - op 'n baie radikaler manier as die Joodse uitleggers interpreteer. Verre daarvandaan dat dit maar net sou beteken dat 'n mens nie letterlik moord behoort te pleeg nie, hou dit volgens Jesus in dat God van ons verwag dat ons ons moet versoen met elke mens wat om een of ander rede iets teen ons het. Die sesde gebod verbied ons volgens Jesus nie net om vir iemand anders kwaad te wees en hom of haar met allerlei lelike woorde soos gek of idioot uit te skel en te verneder nie, maar ook om daarby te berus as iemand anders vir ons kwaad is. Hy druk dit in die taal van die Ou-Testamentiese kultus uit deur te sê dat as jy jou gawe na die altaar bring om met God versoening te soek, en dit jou daar byval dat iemand iets teen jou het, jy dan eers jou godsdienstige handeling moet onderbreek en jou met jou naaste moet gaan versoen voordat jy met jou offer voortgaan. Dit wil sê: As jy God se vergiffenis en gemeenskap soek, en jy word daar op jou knieë of in die erediens of by die nagmaalstafel daarvan bewus dat daar iemand is wat iets teen jou het, jy dit eers moet gaan regmaak. Waarom? Omdat ons verhouding tot God nie los staan van ons verhouding tot ons naaste nie. Omdat God geen behae het in offerhande wat aan Hom gebring word terwyl ons onwillig is om ons met ons naaste te versoen nie. So eenvoudig is dit. Jesus sê: As jou broeder iets teen jou het. Dit gaan nie eers om iets wat jy teen hom het nie. Dit spreek vanself dat jy dit met hom moet gaan uitpraat. Hier gaan dit daarom dat hy iets teen jou het. God verwag dat jy die inisiatief moet neem om dit uit die wêreld te kry. Die vraag is nie of hy volgens jou tereg of ten onregte iets teen jou het nie. Ons is so blind vir die onreg wat ons ander aandoen, dat ons altyd dink ons is onskuldig. Ons is selde bewus van al die gevolge van ons dade en houdings en hoe dit andere benadeel. Ons skuil graag agter ons goeie bedoelings, maar ons weet nie hoe ons bedoelings reeds deur ons selfsug beheers word, en hoe moeilik ons ons in die skoene van die ander kan plaas nie. Daarom vergeet ons so gou die woede van ons naaste - totdat dit ons genadiglik by die altaar byval. God wil versoening. Ons wil altyd ons self verontskuldig. Maar dit kan tussen God en ons staan en ons geestelike vreugde en vrymoedigheid blokkeer.

Uit *Die Burger* 1 Mei 1991

ANNEKE HAAL DIE OP-SPAN

Anneke Kapp, nou in Graad 11, is seker een van die mees suksesvolle sportvroue wat Framesby nog opgelewer het.

Nie net blink sy uit op die atletiekbaan, waar sy jaarliks aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe deelneem nie, maar vaar sy ook uitstekend in dogterskrieket.

Anneke is onlangs ingesluit in die OP Dogterskrieketspan wat die provinsie tydens die Desember-vakansie by 'n Interprovinsiale toernooi in Durban gaan verteenwoordig.

Dis 'n wonderlike prestasie, Anneke, en ons hier by Framesby is besonder trots op jou. Alles van die beste vir die toernooi.

Intussen wag ons nog om te hoor of enige van ons seuns die provinsiale spanne gehaal het.

Graad 12- eksamen

Die Graad 12-eksamen staan nou vining einde se kant toe. Dit was tot dusver glad nie 'n maklike eksamen nie! Kom ons hou ons Matrieks elke dag in ons gebede! Baie sterkte!

VAKKE HIERDIE WEEK

GRAAD 12		
	09:00	**14:00**
Maandag 16 November	Lewenswet. V2 (2½ ure)	
Dinsdag 17 November	Geen eksamen	Geen eksamen
Woensdag 18 November	Afrikaans V 2 (2½ ure)	
Donderdag 19 November		Afrikaans V 3 (2½ ure)
Vrydag 20 November		Musiek V1 (3 ure)